


Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die
Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika



Desember 2010



Lees binne...

- Ek gaan iets nuuts doen – 1
- Die Gees lei ons die toekoms in – 2
- Om vir Godot te wag, of op God te wag – 3
- Vriend en kollega se dood – 4
- Kerklike kommunikasie en die internet – 6
- Handves vir Godsdiensregte – 6

Verras deur God

In hierdie uitgawe

- BI 1 Ek gaan iets nuuts doen (Dr Gerhard Lindeque)
- BI 2 **Namens die redakteur**
Die Gees lei ons die toekoms in (Ds Theuns Botha)
- BI 3 **Aktuele sake**
Om vir Godot te wag, of op God te wag (Dr Johann Beukes)
Volkskerk – my reaksie (Prof Schalk Botha)
- Ble 4-5 **Op die kerkwerf**
Vriend en kollega se dood (Prof Biëks Beukes)
Feesnaweek in Harare (Oudl Helena Cruger)
Hervormers bevorder by die Fakulteit
Beroepe aanvaar
Vakante dominee
Nuwe Kommissie van die AKV op dreef
- BI 6-7 **Gespreksforum**
Kerklike kommunikasie en die internet (Ds Herman van den Berg)
Handves vir Godsdienstrege (P Coertzen)
Vergeet nou die verlede (Oudl Johan Rossouw)
Klein gemeentes (Prof Biëks Beukes)
Wat mag ons nog glo? (JC Buitendag)
VTT 2011
- Agterblad **Oordenking**
Josef se geseënde Kersfees (Ds Frans Oosthuizen)

Ek gaan iets nuuts doen

Die redakteur, **dr Gerhard Lindeque**, skryf dat God 'n mens nogal kan verras. Dieselfde God kan op nuwe maniere optree en is voortdurend dinamies betrokke by sy skepping en sy kinders se lewens. God is nie vasgevang in ons denke nie. God tree soms verrassend nuut en anders op as wat ons dink. Ons sien dit in die geskiedenis van die volk Israel, in die Christus-gebeure, in die kerk, en in ons persoonlike lewens.

Die groot gevaar is dat ons afgestomp raak in ons verhouding met God. Dit kan gebeur dat ons gewoon raak aan God en dat ons God netjies inpas in ons lewe en ons denke, sodat ons nie meer ruimte laat daarvoor dat God anders en nuut kan optree nie. Dit is belangrik om te onthou dat God nie altyd ons omstandighede nuut maak nie, maar dat God mense nuut maak. Deur die Heilige Gees maak God dit moontlik dat ons nuut oor Hom kan dink en praat en op nuwe maniere ervaar.

Kerswense van die redaksie

Die redaksie van *Die Hervormer* en die *e-Hervormer* wens al ons lesers 'n geseënde Kerstyd toe. Mag u vrede en vreugde ervaar, getroos in die wete dat u in hierdie kosbare tyd en die nuwe jaar wat voorlê beskut sal wees deur die genade en die onmeetlike liefde van ons Hemelse Vader.

Om vir Godot te wag, of op God te wag

Dr Johann Beukes, predikant van Gemeente Weltevreden, skryf dat dié wat op God wag, altyd weer verras sal word. Die afgelope paar weke het talle ampsdraers en lidmate die uitspraak gemaak dat hulle

verras is, selfs onkant betrap is, deur bepaalde besluite wat deur die laaste Algemene Kerkvergadering geneem is. Tog moet gelowiges nie verras wees dat hulle gereeld deur God verras word nie. Om op God te wag en dan verras te word deur God, maak deel uit van die omlýning van daardie anderkantse werklikheidsbegrip wat *geloof* genoem word. Dit is eintlik 'n fundamentele Christelike geloofshouding: om op God te wag, om te wag om telkens weer deur God verras te word.

Dr Beukes herinner lesers aan die Ierse dramaturg Samuel Beckett se drama *Waiting for Godot*. Hierdie absurde drama handel oor die tragiese wyse waarop die moderne wêreld moet wag. Die wêreld, in haar nutgevonde moderne vryheid, *moet* wag, maar is onseker waarvoor gewag moet word: vir wie, vir wat, hoe lank, hoekom?

Maar ons wag anders. Die kerk wag op die lewende, herskeppende God, altyd die reeds teenwoordige en tog altyd daarby die Komende Een. Ons wag tot by die jongste uur op God, wel wetend dat ons intussen weer deur God verras, oorval en verander sal word.

Vriend en kollega se dood

Prof Bieks Beukes dink na oor sy goeie vriend, dr Gerrie Bloem, wat skielik oorlede is.

Op die Algemene Kerkvergadering het hulle nog gesels, oor die ou dae en die dae wat voorlê. Hulle het mekaar belowe om te kom kuier. Hy was nog so begeesterd om te leef vir sy vrou, sy kinders, sy kleinkinders, sy medemens. Nog oorlopend van entoesiasme om te werk vir die Here in die Kerk, in Gemeente Vredefort, en die gemeenskap. En nou is hy dood.

Prof Beukes dink ook aan dr Rassie Kotzé se vrou Tossie en hul kinders en kleinkinders; ook aan die geliefdes en gemeentes van di Drikus en Eduard Engelbrecht, maar veral aan elkeen se kollegas en vriende, meer nog aan alle mense wat kollegas en vriende begrawe het wat na aan hul hart is.

Vandag is hy spyt dat hy nie meer met Gerrie gepraat en gekuier het nie. *Laat ons ons waardering vir ons vriende wys terwyl hulle hier is... blomme op 'n graf versprei nie hulle geur agteruit oor 'n pad van verwaarlosing nie* (George W Childs).